# HISTORIESE EN GEOGRAFIESE NAME IN DIE BOEK VAN DIE PSALMS.

Die redaksie van die Afrikaanse Bybel met kanttekeninge, wat vermoedelik teen die einde van hierdie jaar die lig sal sien, het aan die skrywer van hierdie opstel die taak toevertrou om 'n register van aardrykskundige name met bybehorende landkaarte te vervaardig. Die taak is nie gering nie, en sluit 'n groot hoeveelheid amper meganiese arbeid in. Maar dit het sy kompensasies. By hierdie werk word partymaal die aandag gevestig op besonderhede, wat anders aan die Bybelleser ontsnap.

Een van die merkwaardigste sake wat by die bewerking van so 'n register aan die dag tree is die ongelyke verdeling van die aardrykskundige name oor die verskillende Bybelboeke. Elkeen wat sy Bybel enigermate ken, sal verstaan dat die boek Josua met sy uitvoerige beskrywing van die gebiede wat aan die verskillende stamme in Kanaän toegewys word, die kroon span. Maar dit bly tog 'n verrassing om te sien hoe die oes uit twee opeenvolgende boeke soos Levitikus en Numeri kan verskil. Levitikus bied geen enkele naam wat tevore, in Genesis en Exodus, nie reeds genoem is nie; Numeri daarenteen lewer 'n hele reeks name op wat nêrens elders gevind word nie. Esra en Nehemia skenk ons 'n nie te versmade naoes op Josua; maar die daarop onmiddellik volgende boek Ester gee ons maar net een naam, wat nie in die voorafgaande Bybelboeke aangetref word nie: die naam Indië in sy eerste vers.

Dieselfde beeld lewer die vergelyking van die twee opeenvolgende boeke Psalms en Spreuke op. In Spreuke kom maar net een aardrykskundige naam voor, en wel in Spr. 31:1, 'n opskrif wat die daaropvolgende korte gedeelte (31:2-9) toeskryf aan Lemuël, die koning van Massa. In die psalms daarenteen vind ons 'n merkwaardige oorvloed aan aardrykskundige name. Dis waar dat die oorgroote meerderheid daarvan ook in ander Bybelboeke voorkom, maar nietemin is dit in vergelyking met Spreuke 'n opvallende onderskeid. Nog merkwaardiger word die verskil as ons op hierdie punt die psalmboek vergelyk met die versamelings van godsdienstige liedere uit ander kultuurkringe. In die gesangboeke van Christelike Kerke vind 'n mens maar net enkele name, en die is dan nog aan die Bybel ontleen: Jerusalem, Bethlehem, Nasaret—'n enkele keer Bet-el; maar sekerlik geen name uit die eie omgewing nie. Die skrywer onthou nie dat hy ooit Pretoria in 'n Afrikaanse, Dordrecht in 'n Nederlandse, Londen in 'n Engelse, of self Wittenberg in 'n Duitse kerklike gesangboek gesien het nie.

Dit het daarom wel sin om hierdie verskynsel nader te ondersoek. Dit is egter gewens om die ondersoek nie by die aardrykskundige name alleen te bepaal nie, maar daar ook die geskiedkundige name by te betrek.

Aardrykskunde en geskiedenis behoort by mekaar soos ruimte en tyd. Beoefening van die een sonder die ander lei altyd tot abstraksies en onwerklikhede. Ook is dit in die Ou Testament nie altyd moontlik om 'n skerp grens tussen aardrykskundige en geskiedkundige name te trek nie. Die name van die stamme van Israel is ook die name van die seuns van Jakob, maar kan ook in aardrykskundige verband voorkom, bv. as die „gebergte van Efraim" vermeld word.

Terwyl ons dus die geskiedenis in ons ondersoek betrek, skakel ons voorlopig dié name uit wat in die opskrifte van die psalms voorkom. Dit is 'n dertigtal, wat aanmerklik vergroot kan word as ons die opskrifte in die Griekse vertaling daarby trek. Die band tussen die opskrifte en die eintlike psalms is egter so los, dat ons voorlopig die opskrifte buite beskouing wil laat.

Ons begin met die geskiedkundige name, en wel met die name van persone uit die Bybelse geskiedenis. Soos reeds aangedui, kan ons daarby dikwels aarsel of 'n naam onder hierdie kategorie val. Die naam Israel kan sowel 'n persoonsnaam as 'n volksnaam wees; gewoonlik is dit 'n volksnaam, maar as ons strik redeneer, moet in 'n uitdrukking soos „al die nakomelinge van Israel" (Ps. 22:24) Israel 'n persoon wees, want 'n volk het as sodanig geen nakomelinge nie. Tog sal in hierdie en derglike gevalle, bv. Ps. 83:9, „die kinders van Lot" die oosterse gemoed eerder aan 'n volksnaam as aan 'n persoonsnaam dink.

Wanneer ons nou in historiese volgorde die persoonsname uit die psalmboek opsom, is daar heel wat dinge wat ons aandag trek. In die eerste plaas is dit opmerklik dat die name uit die oergeskiedenis, name soos Adam, Eva, Kain, Abel, Set, Noag, geheel ontbreek. Oor die algemeen word die oergeskiedenis (Gen. 1-11) selde in ander dele van die Ou Testament aangehaal. Die val van die mensheid in Adam, wat so 'n groot rol sowel in die latere Joodse teologie as in die Christelike leer speel, kom nouliks in ander dele van die Ou Testament ter sprake. Dis eers in die Nuwe Testament dat dit in sy volle noodlottige betekenis uiteengeset word.

Vir die beskouing van die psalmdigters, wat hieren met die profete ooreenkom, begin die heilsgeskiedenis met die beloftes en genadebewyse van God aan die aartsvaders. In 47:10 is sprake van „die God van Abraham"; in 105:6, 9, 42 word die aartsvader as kneg, minister, uitvoerder van die raadsbesluite van God en draer van sy beloftes geteken. Die beskerming, wat hy en sy gesin van God ontvang het tydens die omswerwinge in Kanaän en aangrensende lande word uitvoerig in 105: 12-15 beskrywe. Van die tydgenote van Abraham word net Melgisedek genoem (110:4); oor Lot het ons reeds 'n opmerking hierbo gemaak.

In die boek Genesis neem die eintlike geskiedenis van Isak tussen dié van Abraham en dié van Jakob maar 'n kleine gedeelte in beslag (Gen. 25:19 - 26:33), ook al reken die laaste redaktor 'n grote gedeelte van Jakob se geskiedenis tot die van Isak, vgl. Gen. 25:9 met 36:1. Die prototipe van die liefde staan stil en onopvallend tussen die oerbeelde van die geloof en van die hoop in. Daarmee korrespondeer die feit, dat die psalmis Isak ook maar net een keer noem (105:9). Jakob as persoon verskyn in 105:6, 10, miskien ook in 146:5: „Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp". Op die laaste plek kan ons ook aan Jakob as volksnaam dink, wat baie veelvuldig voorkom (20:2; 22:24; 24:6; 44:5; 46:8; 12:47:5; ens.). Die naam Israel is waarskynlik altyd volksnaam: 25:22; 53:7; 59:6; 68:27, 36, ens., ook in gevalle waar van „die nakomelinge van Israel" gepraat word, soos in die hierbo vermelde geval van Ps. 22:24 en elders.

Party van die seuns van Jakob word genoem: Levi (135:20), Naftali en Sebulon (68:28), Benjamin (68:28; 80:3) en Josef; dis net die laaste wat duidelik as persoon vermeld word, nl. in 105:17; die ander name is as stamme gebruik, soos Josef ook in 77:16, 78:67; 80:2; 81:6. Dieselfde geld van Efraim (78:9, 67; 80:3) en Manasse (80:3). In 60:9 en 108:9 het dit vrywel tot aardrykskundige benamings geword. Dit is nouliks verwonderlik dat die name van die vroue uit die aartsvadergeskiedenisse nie vermeld word nie; die manne is die draers van die beloftes. Ook die profetiese literatuur noem die vroue selde: Sara kom voor in Jes. 51:2, Ragel in Jer. 31:15. Die manne is die uitverkorenes (Ps. 105:6), die vroue het net deur hul relasie met die manne deel aan die beloftes, vgl. selfs nog I Tim. 2:15.

Die heilsgebeure by uitstek in die geskiedenis van Israel, die verlossing uit Egipte, word herhaaldelik breed geskilder (77:16-21; 78:11-14, 42-53; 105: 23-39; 106: 7-12; 114; 136: 10-15). Aan historiese name is hierdie beskrywings egter nie ryk nie. Moses en Aäron word saam genoem 77:21; 99:6; 105:26; 106:16; Moses alleen in 103:7; 106:32; Aäron as stamvader en prototipe van die priesters in 115:10, 12; 118:3; 133:2; 135:19. Hier doen hom dus die merkwaardige feit voor dat Moses heel wat minder veelvuldig vermeld word as sy ouere, maar ongetwyfeld swakkere, broer. Op die sonde van Moses word gesinspeel (106:32), nie op die veel swaardere skuld van Aäron in verband met die goue kalf nie. Die ou Israeliete sou hieruit die gevolgtrekking kon maak, hoe belangrik dit is om 'n grote nageslag te hê: want dis as stamvader van die priestergeslagte dat Aäron in die psalmboek 'n numerieke oorwig bo Moses gekry het. Oor Mirjam en die vroue van Moses swyg die psalmdigter.

Ook die woestyntog en die wetgewing op die Sinai word herhaaldelik genoem (78:14-42; 95:8-11; 99:7; 105:39-45; 106:13-33). Hierby word,

behalwe Moses en Aäron, ook Pinehas vermeld (106:30), benewens Datan en Abiram (106:17), maar merkwaardig genoeg Korag nie. Kan dit saamhang met die feit dat die sangersgeslag Korag self 'n aansienlike bydrae tot die psalmboek gelewer het? Ons sou ons kon voorstel dat dit vir daardie sangersgeslag nie aangenaam moes wees om tydens die tempelliturgie die sonde en ondergang van hulle eie voorvader te besing nie. Aan die ander kant aarsel die psalmiste nie om die hele voorgeslag in staat van beskuldiging teenoor God te stel nie, vgl. vooral Ps. 106; dis egter gemakliker om van die hele voorgeslag in afkeurende sin te praat as om die skuld van een eie voorvader te vermeld.

Die verowering van die Oosjordaanse land word slegs kortliks in Num. 21:21-35 beskrywe; volgens die formulering van die beloftes aan die aartsvaders en Moses het die Oorjordaanse nie tot die beloofde land behoort nie. Daarom is dit des te merkwaardiger dat die konings Sihon en Og tweemaal in die psalmboek vermeld word (altwee 135:11; 136:19), terwyl die Wesjordaanse konings ten tyde van die intog nooit deur die psalmdigters by name genoem word nie. Hier werk miskien die invloed van 'n tradisie wat veral by die Oorjordaanse stamme lewendig gebly het. Die deurtog deur die Jordaan vind kortliks vermelding in Ps. 114:5; die besetting van Kanaän word slegs summier genoem (78:55; 80:9; 105:44), en die naam van Josua kom in die geheel nie in die psalmboek voor nie. 'n Mens sou dit wil toeskrywe aan die feit dat die Pentateug, die eerste en by uitstek Heilige Skrif van Israel, ophou by die verowering van die Oorjordaanse; maar ons sal nog sien dat verkillende later gebeurtenisse wel uitdruklik en met gebruik van historiese name beskrywe word. Miskien is die afwesigheid van Josua uit die psalmboek net aan toevallige oorsake te wyte.

Netso opvallend is die afwesigheid van die rigters se name; verskillende gebeurtenisse uit die boek Rigters was egter aan die psalmdigters welbekend. Hulle noem die teenstanders van Debora, Sisera en Jabin (83:10), en dié van Gideon, Oreb, Seëb, Seba en Salmunna (83:12). Samuel word een keer vermeld: 99:6, wat wellig op I Sam. 12:18 sinspeel. Die digter van Ps. 78:60 vv. weet van die katastrofe wat Silo getref het, maar Eli word nie genoem nie, netsomin as die koningskap van Saul. In die digterlik-teologiese skouing is dit, ewenas die heerskappy van Isboset, slegs 'n tussenspel ter voorbereiding van die Dawidiese heerskappy, wat dikwels genoem word, 18:51; 78:68-72; 89:4, 5, 20-38, 50; 132:11-18; 144:10. Die verkiesing van Dawid en die belofte van II Sam. 7 is kennelik 'n nuwe mylpaal in die heilsgeskiedenis. Die digter weet van die uitbreiding van die Dawidiese ryk, Ps. 80:12, van die oorbrenging van die ark na Jerusalem, Ps. 132:1-10, van die voortbestaan van die Dawidiese dinastie, ook in die tyd van die ballingskap, 89:52, en hou aan die belofte vas, ook as na die ballingskap die Dawidiese huis geen koningsheerskappy

meer uitoefen, dog nog wel die voorsitterskap in die hoogste regskollesie beklee, 122:5.

Daarmee het ons reeds die ballingskap vermeld. Uit die vier eeue geskiedenis tussen Dawid en Sedekia word geen enkele naam vermeld, hoewel tal van psalms op die ballingskap sinspeel, die treffendste natuurlik Ps. 137. Ook die terugkeer uit die Babiloniese ballingsoord bly nie onvermeld nie; 126:1-3 kan moeilik anders verklaar word, vgl. ook 124:7. Maar konkrete gebeurtenisse en historiese name hoor ons nie meer nie. Die poging van DUHM en ander geleerdes om in Ps. 110 by wyse van akrostichon die naam van Simeon die Makkabeër te vind, moet as misluk beskou word.

Ons sien dus dat volgens die Psalmboek die heilsgeskiedenis, wat met die roeping van Abraham aangevang het, oor die verlossing uit Egipte, die wetgewing op die Sinai en die verowering van Palestina aan weerskante van die Jordaan uitloop op die verkiesing van die Dawidiese geslag. Dawid is die laaste naam; in hom is sy hele nageslag ingesluit. So trek ook die boek Rut, wat na die ballingskap geskrywe is, die genealogiese lyn net tot Dawid deur. Die skema van die geslagsregister van Christus in Mattheus 1 volg dieselfde beginsel, maar voeg die ballingskap as tweede grote insnyding daarby: die heilsgeskiedenis verloop in drie tydperke: van Abraham tot Dawid, van Dawid tot die ballingskap, en van die ballingskap tot Christus. Dit is duidelik dat op hierdie manier die verlossing uit Egipte en die wetgewing, wat elders in die Ou Testament as die heilsfeite by uitstek beskrywe is, 'n voorstelling wat ook in die psalms, soos aangetoon, dikwels aangetref word, veel van hul belangrikheid verloor. So kan die apostel Paulus dan ook sê, dat die wet „daar bygekom" het; vir Paulus is die verkiesing van Abraham en later die van die Dawidiese geslag die werklike heilsfeite uit die Ou Testament.

Terwyl ons tot nou toe oor persoonsname in die psalms gehandel het, wil ons tans ook 'n opsomming gee van die volksname, wat daarin voorkom. Ons het die aanduidinge van Israel en sy onderdele reeds vermeld, en wil daar nou nie op terugkom nie. Van die vreemde volke kom die Egiptenaars die meeste voor, wat saamhang met die feit, dat die verlossing uit Egipte lank as die vernaamste heilsfeit beskou is: 78:12, 43; 80:3; 105; 38; 106:7, 21; 114:1; 135:8, 9; 136:10. By hierdie vermeldings moet nog die verskillende plekke waar Egipte die tente of die land van Gam genoem word, toegevoeg word: 78:51; 105:23, 27; 106:22. Feitlik betree ons daarby reeds die terrein van die aardrykskunde; dit is trouens bekend dat "Gam" ontleen is aan die Egiptiese woord vir „swart", en dat die Egiptenaars hul kultuurgrond as die swart aarde onderskei het van die rooi grond van die woestyne rondom. Die spelling met G in die Afrikaanse Bybelvertaling het helaas die samehang met ons woord chemie vir die gemiddelde leser minder duidelik gemaak. Nog

meer op die terrein van die aardrykskunde bring ons „die veld van Soan", 78:12.

Na Egipte word Edom die tweede in talrykheid van vermelding: 60:10, 11; 83:7; 108:10, 11; 134:7. Onmiddellik daarop volg die Filistyne, 60:10; 83:8; 87:4; 108:10, en na hulle Moab, 60:10; 83:7; 108;10. Drie maal vind ons Tirus, 45:13; 83:8; 87:4, twee keer die Kusiete, waaronder ons in die psalmboek sekerlik die Etiopiërs in die Nyldal suid van Egipte verstaan moet, en nie 'n Suid Arabiese stam nie: 68:32; 87:4. Twee keer ook die Amoriete, 135:11; 136:19, Skeba, 72:10, 15; Babel word drie keer genoem, 87:4; 137:1, 8, maar in 137:1 is die vermelding suiwer aardrykskundig. Mitiese aardrykskunde gee aan Egipte die naam Rahab: 87:4; in 89:11 hoef nie aan Egipte gedink te word nie. Verder word nog telkens een keer genoem: Seba, 72:10; Ismaeliete, 83:7; Hagareners, 83:7; Gebal as aanduiding van die bewoners van 'n bergland suid van die Dooie See, 83:8; in dieselfde vers vind ons ook Ammon en Amalek; onder Assur het ons in die daaropvolgende vers 'n Arabiese volksstam te verstaan, nie die welbekende Assiriërs nie; Lot in 83:9 is 'n versamelnaam vir Moab en Ammon. Voorts tref ons nog aan: Midian, 83:10; Meseg, 120:5; en Kedar, 120:5.

Hierdie opgawe het meer as suiwer statistiese waarde; dit toon ons aan watter volke die psalmdigters die meeste in vrees en hoop gedink het. Die vrees oorheers; amper altyd word hierdie volke as vyande genoem. Egipte staan, in verband met die heilsbetekenis van die uittog uit daardie land, afsonderlik; in die later geskiedenis was, met uitsondering van die episode van Sisak, Egipte selde 'n regstreekse vyand van Israel. Maar dat die Edomiete en Filistyne so dikwels vermeld word, verwonder ons van hierdie erfvyande van die verkore volk allermins. Merkwaardig is die skaarse vermelding van die Babiloniërs en die afwesigheid van die Assiriërs. Dit kon 'n aanwysing wees dat die groot massa van die psalms hul vorm voor die sewende eeu gekry het. Maar ook die Arameërs word nie genoem nie. Op dieselfde manier deurredenerend sou ons tot die gevolgtrekking kom dat ook die negende en agste eeue in ons psalmboek swak verteenwoordig is. Dis waarskynliker dat ons na 'n ander rede moet soek; wellig is dit in Jerusalem ongewens geoordeel om name van state, wat in die genoemde eeue dikwels as susereine van Juda opgetree het, in ongunstige sin in die liturgie te vermeld. 'n Onvriendelike vermelding van Damaskus of Assirië kon tot 'n oorlog lei. Dis waar dat in die profetiese literatuur Aram, Assur en Babel tallose male voorkom; maar vir die uiting van profete is 'n regering nie so strik verantwoordelik as vir 'n tempelliturgie nie. Ook is daar 'n groot verskil tussen 'n profetiese uitspraak, wat slegs een keer gedoen word, en 'n tempelsang, wat reëlmatig herhaal word.

Van 'n vriendelike verhouding tot die nabuurvolke is slegs selde sprake. Eintlike bondgenote het die uitverkore volk in hierdie wêreld nie. Die geskenke wat van die uiterste lande van die aan Israel bekende wêreld na Jerusalem gebring sal word, is meer tekens van onderwerping as van ware vriendskap; 72:10 moet in die lig van 66:3 en 68:31 gelees word. Tog breek in Ps. 72 reeds iets deur van die verwagting dat die God van Israel eenmaal deur die hele wêreld gehuldig sal word, vgl. 68:32. Dan sal die heidene in 'n positiewe verhouding tot God en sy heiligdom op Sion staan; die skoonste is dit in Ps. 87 geskilder: „Ek wil Rahab en Babel vermeld onder hulle wat My ken; kyk, Filistea en Tirus saam met Kus—hierdie een is daar gebore." Dit sou moontlik wees om hierdie uitspraak in verband te bring met die groot koalisie van 701 teen Assirië, toe Juda onder Hiskia hom met Merodag-Baladan van Babel verbind het en ook party Foeniciese en Filistynse stede luidens die annale van Sanherib aan Hiskia se kant gestaan het, terwyl Egipte onder sy Etiopiese dinastie steun toegesê het. Maar in Ps. 87 wys niks op 'n aanstaande oorlog nie, en daarom wil ons die lied tog liewer as 'n psalm van eskatologiese verwagting verstaan, en nie as 'n programma van politieke beleid nie.

Hierdie bespreking van die volke en state wat in die psalmboek vermeld word, bring ons reeds op die gebied van die aardrykskunde. Party name sal ons in die volgende bespreking van die geografie van die psalms moet herhaal. Dit lê egter voor die hand om daarby met die eie land, Palestina, te begin.

Kanaän heet die land; dit word egter slegs op drie plekke so genoem: 105:11; 106:38; 135:11. Gewoonlik heet dit kortweg „die land", bv. Ps. 65:10; ook wel „ons land", Ps. 85:13. Besonder veelvuldig word die berge in en om daardie land genoem: die Libanon in 29:5, 6:72:16; 92:13; die Sirjon, die Antilibanosgebergte, in 29:6; die suidelikste hoë verheffing daarvan, die Hermon, in 42:7; 89:13; 133:3. Een van die vooruitgeskowe bastions daarvan, nie ver van die bronne van die Jordaan, word met "die klein gebergte" in 42:7 aangedui. Suideliker, en binne die eintlike Palestina lê die Tabor (89:13); die berg Salmon (68:15) lê blykens Rigt. 9:48 na aan Sigem, maar aangesien die naam „Swartberg" aan meer as een berg gegee kon wees, en sneeu by Sigem 'n seldsaamheid is, bestaan die moontlikheid dat Albright gelyk het as hy die berg met die Hauran vereenselwig. Die tempelberg van Jerusalem word uiteraard baie veelvuldig vermeld; dit is die heilige berg, 3:5; 15:1; 43:3; die berg van die Here, 24:3; Sion, 2:6; 9:12; 20:3; 48:3 ens. Dis weer mitiese aardrykskunde wat die digter op die laas aangehaalde plek laat sê dat dit „aan die noordekant" lê; want Sion word sodoende vereenselwig met die berg in die uiterste noorde, wat in die Semietiese mitologie as die woonplek van die gode beskou is. Die digter sê sodoende vir sy tydgenote: nie op 'n mitiese plek in die uiterste noorde, maar op Sion, in ons midde, woon God,

maak Hy sy wil bekend. Die mitologiese voorstelling word met 'n mitologiese term bestry en oorwin. Verder word natuurlik ook die berg van die wetgewing genoem, maar nie so dikwels as ons miskien sou verwag nie; Sinai kom in 68:9, 18 voor, en Horeb 106:19.

Van die riviere van Palestina word net die Jordaan genoem, 42:7 en 114:5. As landstreke kom voor die Suidland, 126:4; die woestyn van Kades, 29:8, naby Kades Barnea; Efrata in die omgewing van Betlehem, 132:6, die velde van Jaär, die omgewing van Kirjat Jearim, 132:6; die Droë Laagte op die pelgrimspad na Jerusalem, 84:7; die dal van Sukkot, die vallei van die Jabbok, 68:8; 108:8; die landstreek van die Jordaan, waaronder ons die gebied rondom sy oorsprongsriviere verstaan moet, 42:7; Gilead, 60:9; 108:9; en Basan, 22:13; 68:16, 23; 135:11; 136:19. Dit val op dat die Oosjordaanse goed verteenwoordig is onder die landstreke: daarby moet ons in aanmerking neem dat in 68:16, 23 Basan uitdruklik as nie-Israelitiese gebied geteken word.

Afgesien van Jerusalem, 51:20 ens., wat ook met Sion, 2:6 ens, en met Salem, 76:3; aangedui kan word, kom stedename selde voor. Ons vermeld Sigem, 60:8; 108:8; Sukkot, 60:8; 108:8; Silo, 78:60; Endor, 83:11 en Jaär, Kirjat Jearim, 132:6. Daarby kan ons dan nog name van punte soos Kades (Barnea), 29:8; Meriba, 81:8; 95:9; 106:32; en Massa, 95:8 laat aansluit. Dit is egter al plekname in Palestina wat in die psalms voorkom; min in verhouding tog bv. die getal volksname of selfs die getal van gebergtes wat genoem word, maar baie as ons die psalms met ander godsdienstige liedbundels vergelyk.

Vanuit hierdie land Kanaän met sy berge en stede word die omgewing in oënskou geneem. Die blik rig hom in die eerste plek na Egipte, die land van Gam, die veld van Soan, wat reeds by ons behandeling van die volksname vermeld is. Hier merk ons nog net op dat die identifikasie van Soan met Tanis vasstaan, maar ons geen houvas vir die datering van Ps. 78 gee nie, aangesien Soan, wat na 670 geen Egiptiese hoofstad meer was nie, tog deur Esegiël (Es. 30:14) as 'n metropolis vermeld word. Die psalmis kon die naam uit skrif of tradisie geken het; die vermelding daarvan in Ps. 78:12 bewys nie dat dit op die oomblik waarop die lied gedig is, nog 'n belangrike stad was nie.

Die rivierarme van die delta word bedoel met „hulle riviere" en „hulle strome" in 78:44; die eerste van die twee gebruikte terme beteken in die enkelvoud gewoonlik „die Nyl" en is aan die Egipties ontleen. Verder besonderhede van die Egiptiese landskap word nie vermeld nie, behalwe die Skelfsee, wat 106:7, 9, 22; 136:13, 15 voorkom. In onmiddelike verband met Egipte word sy suidelike nabuur, Kus, 'n paar maal genoem: 68:32; 87:4; die twee lande was dikwels onder een vors verenig, hetsy 'n Egiptiese vors oor Nubië sy gesag uitgebrei het, hetsy

soos van 721 tot 680, Kusietiese heersers oor Egipte regeer het. Die eerste situasie is die waarskynlikste in 68:32, die laaste in 87:4; maar ons het daar reeds op gewys dat hierdie psalm nie soseer politiek as wel eskatologies verstaan moet word, en dus moeilik dateerbaar is.

Anderkant die Rooi See lê die Sinaiskiereiland, waarvan ons die gebergtes en oases reeds opgesom het: Sinai, Horeb, Kades, Massa, Meriba. Erens daar sal ons ook die Amalekiete van 83:8 wel moet soek. Beter bekend is Edom, wat soos ons reeds aangegee het, besonder dikwels genoem word. Gaan ons vandaar in Suidelike rigting, dan kom ons in Midian (83:10) en in die Arabiese woesteny, die gebied van die Ismaeliete (83:7). Die blik reik egter nog verder, na Suid Arabië, Skeba en Seba (72:10, 15) en Ofir (45:10), 'n naam wat nou ook van 'n potskerf uit Bet-Horon bekend is, en vermoedelik wel 'n aanduiding van 'n landstreek in S.W. Arabië sal wees.

Van Kanaän uit in oostelike rigting kom ons in Moab en Ammon; dieper in die Noord-Arabies-Siriese woestyn soek ons die Hagareners (83:7), die stam Assur (83:9) en die landstreek Kedar (120:5). Ons het daar reeds gewys dat Basan in 68:16, 23 as 'n landstreek buite die Israelietiese territorium geteken word. Anderkant die woestyn lê Babilonië met sy riviere en besproeingskanale (137:1, 8; vgl. 87:4). Assirië en sy stede word, soos ons reeds opgemerk het, glad nie genoem nie. Dieselfde geld van die hele Aramese gebied, tensy dat ons in 76:11 met SCHMIDT in sy psalmkommentaar in plaas van „oorblyfsel van grimmighede" „oorblyfsel van Hamat" moet lees. Ons het egter reeds gewys op die feit, dat Aram soos Assirië waarskynlik met opset nie genoem word nie. Met die vermelding van die rivier by uitstek, nl. die Eufraat by sy groot draai na die suid-ooste, reik die blik van die digter tot anderkant die Aramese gebied (72:8; 80:3). Nog verder, tot diep in Klein Asië, voer die vermelding van Meseg (120:5). Van die stede aan die Foeniciese kus word net Tirus vermeld (45:13; 83:8; 87:4); onder Gebal sal ons nie Byblos, maar eerder 'n bergstreek suid van die Dooie See moet verstaan (83:8). „Die eilande (72:10) is 'n vae aanduiding van Ciprus en ander eilande in die Middellandse See, wat in ieder geval in 80:12 en 104:24 bedoel is.' Die verste land wat oor die Middellandse See bereik kan word is Tarsis (48:8; 72:10), Suid Spanje, Noord Afrika of waarskynliker Etrurië. Die betekenis van die naam, „smeltoond", wys eerder na 'n stad as 'n landstreek; maar die een hoef die ander nie uit te sluit nie.

Op hierdie stadium van ons ondersoek kan ons 'n statistiese oorsig gee. Ons verdeel ons name oor die kategorieë persoonsname, volks- en stamname, name van natuurlike aardrykskundige groothede, en name van stede en kleiner nedersettings. Natuurlik is dit nie altyd moontlik om die grens skerp te trek nie; 'n ander sou miskien Egipte nie onder die volksname, maar onder die name van landstreke, en dus onder die

natuurlike aardrykskundige groothede, ondergebring het. Hierdie soort van onsekerhede doen egter geen of min afbreuk aan die totale indruk.

Persoonsname het ons 21 getel; name van volke en stamme 29; name van natuurlike aardrykskundige groothede soos landstreke, berge, riviere 24; name van stede en kleiner nedersettings 14. Dit lewer 'n totaal van 88 name, as ons gevalle waar dieselfde naam in verskillende betekenis gebruik word, as persoons- en as stamnaam, as twee verskillende name beskou. Met 'n derglike verdubbeling het ons egter uiters behoedsaam te werk gegaan.

Hierdie statistiek lewer, afgesien van die algemene betekenis van die groot aantal name, waaroor netnou meer gesê sal word, nog wel 'n paar resultate op. In die eerste plek is die aantal volks- en stamname opvallend groot, heel wat groter as die getal van die persoonsname. Dit is 'n merkwaardige bewys van die sterk kollektief georiënteerde denkwyse van Israel en die Ou Testament. Die digters dink baie dikwels in terme van groot gemeenskappe, stamme en volke. Die eksegese van die psalmboek sal hiermee ernstig rekening moet hou. Ons mag nie al te veel nadruk lê op die individuele karakter van die uitinge van die digters nie. Die psalms is geen liriek volgens die romantiese opvatting van daardie woord nie: hulle is nie die allerindividueelste ekspressie van die allerindividueelste emosie nie, maar veeleer uitinge van 'n gemeenskap in sy verhouding tot ander gemeenskappe. Gloed en innigheid word daardeur origens glad nie onmoontlik gemaak nie. Die teendeel is eerder waar: menige mens belewe in die gemeenskap sy persoonlike gevoelens die diepste.

'n Ander merkwaardige feit is dat die stede in getal so sterk by die natuurlike groothede agterstaan. Hier is 'n teenwerping moontlik: ons statistiek verwerk net die aantal verskillende name, maar hou geen rekening met die aantal kere wat een en dieselfde naam voorkom nie. As ons bv. al die kere wat Jerusalem genoem word, afsonderlik sou stel, en dit eventueel sou vermeerder met die getal van die sinspelings op die heilige stad, sou ons 'n ander beeld kry. Nietemin is dit merkwaardig dat afgesien van Jerusalem so min stede in Palestina genoem word. Hierin is wellig iets van die invloed van die kultussentralisasie in 622 merkbaar, nie natuurlik in dié sin dat die gros van die psalms uit die tyd daarna stam nie, maar veeleer so dat die keuse en redaksie van die psalms mede bepaal is deur die beginsels wat Josia by sy reformasie gelei het. Stedename van buite die eie land is uiters seldsaam: Soan, Babel, Tirus en Tarsis. Israel ontmoet die uitlander nie as bewoner van 'n stad nie, maar as lid van 'n volk.

Watter betekenis kan ons aan die talrykheid van historiese en geografiese name in die psalmboek heg?

In die eerste plek kan ons na aanleiding daarvan nog eens die aandag vestig op die sterk historiese denkwyse van die volk Israel. Israel sien in sy God veral die groot Leier van die geskiedenis, die Beskikker van die lot van mense en volke. Dis in en deur die geskiedenis dat God Hom aan sy volk geopenbaar het. Die God van Israel is nie 'n neoplatoniese god in 'n ewigheid wat teenoor die tyd staan en daarvan streng geskei is nie, maar 'n God wat in die onmiddellike nabyheid van elke tydsgewrig lewe, en vanuit sy eie lewensfeer telkens in die tyd ingryp. Die Godskennis van Israel vind sy grond nie in rasionele oorwegings of mistieke verligting nie, maar in die oordenking van Gods dade. Die dade van God word nie uit sy wese afgelei nie, maar sy wese uit sy dade. Ons herhaal die klassieke uitspraak: die eienskappe van God is die attribute van sy handelinge.

Hierdie gesigspunt bied 'n moontlikheid om effens positiewer as gewoonlik te staan teenoor die redaksionele opskrifte wat die psalms in hul teenwoordige vorm dra. As die redaktore probeer om aan 'n groot aantal van die psalms hulle plek in die geskiedenis aan te wys, getuig dit van 'n diepe begrip vir die sterk historiese denkwyse van Israel. Vir hulle is die psalms liedere wat uit 'n konkrete situasie gebore is, en vanuit daardie situasie verstaan moet word. Hulle verteenwoordig sodoende die oudste vorm van psalmeksegese, en die beginsel daarvan is sekerlik gesond. Dis jammer dat ons in baie gevalle 'n duidelike teenspraak tussen die redaksionele opskrif en die inhoud van die betrokke psalm moet opmerk. Dis moontlik om met behoud van die beginsel in afsonderlike gevalle tot ander resultate te kom.

Daarom moet, al het Ridderbos nie heeltemal ongelyk as hy oor die stereotipe karakter van menige psalm praat, tog nooit by die eksegese vergeet word dat die psalm as sodanig altyd 'n histories en geografies bepaalde situasie weerspieël nie. Van huis uit was hy sekerlik nie stereotiep nie. Dis moontlik dat die versamelaars daarna gestrewe het om deur hul redaksionele arbeid die psalm vir 'n hele aantal verskillende situasies geskik te maak, maar as ons by ons eksegese van die werk van redaktore tot die lied van die eerste sanger terug wil gaan, sal ons daarmee rekening moet hou dat dit sy oorsprong vind in omstandighede wat so net een keer voorgekom het. Die geskiedenis herhaal homself nooit nie; anders sou dit geen geskiedenis, en nog veel minder heilsgeskiedenis, kon wees nie.

Langs die historiese bepaaldheid van Israel se godsdiens staan sy geografiese. Daarop is in die verlede veel minder die aandag gevestig as op die band met die geskiedenis. Nietemin kan dit tog sy nut hê om daarop te wys dat Israel nie net die heilsgeskiedenis in 'n vasomskrewe tydsomlysting sien nie, maar dit ook op die aarde 'n definitiewe aardrykskundige plek aanwys. Soos God deur sy heilsdade van die ewigheid uit in die tyd ingryp, so openbaar Hy Hom ook telkens op 'n bepaalde

plek, wat daardeur 'n heilige plek word. So kan 'n stad, 'n berg, 'n land heilig word, die woonplek van die Allerhoogste, en die bewoners van die plek, hoewel niks mensliks hulle vreemd is nie, nogtans bely: „Die HERE van die leërskare is met ons!"

Dit kan nie ontken word nie, dat hierdie oortuiging groot gevare meebring. Die geskiedenis van die ark in Eli se dae, en die kreet van die teenstanders van Jeremia: „Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!" is waarskuwende voorbeelde van wat gebeur as die teenwoordigheid van God te seer lokaal bepaal word. Nog groter word die gevaar as 'n mens of 'n hele volk vergeet dat God met Israel 'n besondere weg gegaan het, en regstreeks elemente uit Israel se lewe op die eie volk wil gaan betrek. Die verkiesing van Israel is geen vrybrief vir ander volke, om hulleself ook as uitverkore volke te gaan beskou nie; die Godsopenbaring in Jerusalem gee ons geen reg om Londen of Dordrecht of Wittenberg as Godsstede te gaan verheerlik nie. Dit sou alleen moontlik wees as Israel deur God net as 'n eksempel gebruik sou wees; maar uitverkiesing is eindeloos meer as die gebruik van 'n eksempel. Die geskiedenis van Israel is nie maar net 'n voorbeeld van hoe God met die volke handel nie, dis ook en veral heilsgeskiedenis, dit wil sê geskiedenis wat ook vir die ander volke van die wêreld beslissend is. Ons hoef en ons mag dit nie van nuut of begin nie, want deur Christus het ons reeds aan die hele geskiedenis van Israel deel gekry.

Daarom, al is dit opvallend dat in die liedboek van Israel soveel meer geskiedenis en geografie as in die gesangbundels van ons Kerke voorkom, ons hoef en mag nie probeer om aan daardie verhouding iets te verander nie. Jerusalem is meer as Londen, Dordrecht, Wittenberg en Pretoria saam. Selfs al word Potchefstroom en Grahamstown nog by die groot hoop gevoeg, weeg dit nie op teen die een stad van God, waarvan heerlike dinge gesê word, wie se poorte die HERE liefhet bo alle ander stede. Maar: Die HERE sal tel as Hy die volke opskrywe: Hierdie een is daar gebore. Ons het deel aan die Godstad en die Godsgeskiedenis.

A. VAN SELMS.

Pretoria,

4 Junie 1957.